



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 20 en 27 Maart 2022

Ons Program

Vandag: Derde Sondag in Lydenstyd

- Informele Erediens om 9:30 olv ds. Fanus Henning
- Doop: De Wet Nel en Calla Nel
- Deuroffer: Fonds vir Teologiese Opleiding 1

Sondag 27: Vierde Sondag in Lydenstyd

- Formele Erediens om 9:30 en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco Thom
- Deuroffer: Fonds vir Teologiese Opleiding (2e Kol)

Ons Bybellees-program


- Ons is met die 1 Samuel besig (vandag 1 Sam 12). Kontak gerus ds Jaco of Elmien as jy ook die daaglikse oordenking per WhatsApp wil ontvang.



Só glo ons

Nederlandse Geloofsbelofenis Artikel 34

Ons glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is, deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat die mens tot versoening of voldoening van die sondes sou kan of wil aanbied. Hy het die besnydenis wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel. Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemaal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees. Daarom het Hy beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop. Hy toon ons daarmee dat, soos water die



vuilheid van ons liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die werking van die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word ...

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Maart

22 Jorrie Jordaan

23 JD Odendal

25 Janet du Toit (84j)

26 Eldoné de Lange; Wimpie du Toit; Jano Hugo; Hennie Wagner

27 Poenie Badenhorst; Hannes van der Watt

28 John van Niekerk

29 Frederika van der Berg; Matty van Loggerenberg; Adriaan Badenhorst

30 Jani Janse van Rensburg



Huweliksherdenking

Maart

23 Hendrik & Amanda Strydom (31j); Andre en Lulu Hugo (37j)

24 Gert & Ina Henning (49j); Dawie & Alanda Meades (32j);

Barend & Carina de Lange (4j)

30 Gert & Marolien Deysel (4j)

31 Jean & Ancois Sheppard (4j)

Neem asseblief kennis ...

Die kerkkantoor sal gesluit wees vanaf 21 tot 29 Maart.

Voorbidding

- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardigheid.
- Phillip du Plessis – Herstel nog ná trombose in die long.
- Anna Klok – terug by Ons Woning, kragte wisselvallig.
- Chrilene Human – Ervaar nog baie pyn.



- Buks Ferns – Opgeneem in die hospitaal
- Oorlog in Oekraïne

Narcotics Anonymous Petrusburg

Dit is 'n nie-winsgewende organisasie vir mans en vrouens met 'n alkoholprobleem of middel-afhanklikheid. Die doel van die groep is om gereeld bymekaar te kom, mekaar te bemoedig en te ondersteun en so te help om skoon te bly.



- Alles wat bespreek word tydens die bymekaarkoms is vertroulik.
- Elke Dinsdag 18:00 - 19:00 by die AGS Kerkzaal.
- Johan Coetzee lei die vergadering.

Jeugkamp - 22-24 April (LW nuwe datum)

Alle kinders van Gemeentelede 10-17 jaar. Ons vra dat ouers asb hul kinders sal aanmoedig om die kamp by te woon. Dit sal werklik 'n verrykende ervaring wees. Koshuiskinders wat Sondagskool by die koshuis bywoon is ook welkom.

Moedersdagbasaar - 7 Mei

Die Vrouebediening in samewerking met die kerkraad is kliphard aan die reël vir dié basaar. As 'n kerkraadslid by jou uitkom met 'n basaarlys, vra ons dat jy dit asb ruim sal ondersteun. Ons het die finansies baie nodig!

Manne-aand - Vrydagaand 13 Mei

Karibu Gastehuis – wildsveiling met spit-ete. Hou asb die datum oop!



Die Vrystaat Sinode het kennis geneem van die verslag van die Sinodale Taakspan Aktuele en Leerstellige Sake (STALS) en bevestig dat die opdrag wat in 2017 aan die taakspan gegee is – naamlik om in die lig van ons belydenis en kerkorde die besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverbintenisse te bestudeer – steeds van belang is in ons kerkverband en gemeentes.

Daarom het die Sinode ruim tyd vir 'n tafelgesprek én 'n oop debat oor die

aangeleentheid gegee.

Uit die terugvoer wat deur 'n luisterspan saamgevat is en al die besprekings daaroor, was dit duidelik dat daar twee teenoortstaande standpunte en 'n breë middelgrond hieroor in die vergadering leef.

Gevolglik is daar op die volgende proses besluit: Die Sinode het bevestig dat in sulke sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in die Skrif, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word. Dit is ook wat ons in ons belydenisskrifte oor God se leiding onderskryf. Die Sinode het ook bevestig dat sowel in ons lees en verstaan van die Skrif én van die belydenisskrifte uit die Reformasie, 'n verantwoorde hermeneutiek nodig is, dit wil sê, oor hoe ons die Skrif en belydenis vandag in ons omstandighede lees en vertolk.

Die Sinode het daarom die verslag van STALS terugverwys na 'n breër studiegroep wat deur die Moderamen saamgestel sal word, om die vrae oor selfdegeslagverbintenisse en ook 'n aantal ander sake waarvoor lidmate en leraars besorgdheid beleef (soos wat ons glo oor God as Skepper, oor die persoon en werk van Christus, oor sy genadeverbond met ons en oor die Bose) in 'n kort en toeganklike dokument in die lig van die Skrif en ons belydenis te verantwoord.

Daar is versoek dat dit teen September 2022 voltooi sal wees en dan na gemeentes en ringe vir verdere gesprek gestuur word, sodat die Vrystaatse NG Kerk teen volgende jaar wanneer die Algemene Sinode moontlik weer vergader, hieroor 'n duidelike standpunt sal kan stel.

Hierdie voorstel is byna eenparig en met dankbaarheid deur die Sinode aanvaar en spreek van ons ingesteldheid om saam met mekaar na lig en wysheid oor die vrae van ons tyd na te dink en leiding te probeer gee.

Oorgeneem uit Vrystaat Sinode se Facebook-blad

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001